


**HUIS  
GENOOT**

A F R I K A A N S E   V O L K S L I E D J I E S



In 1906 het die bundel (wat in Paarl gedruk en uitgegee is), *Eerste 20 Afrikaanse Lidere met Musiek*, die lig gesien. In 1904 het dr N. Mansvelt met sy versamelwerk begin. Hy het aanvanklik in Suid-Afrika en later in Amsterdam gewerk. Hy het die samewerking gehad van o.a. die Suid-Afrikaanse redakteurs van *De Volksstem*, *De Vriend*, *Ons Land* en *Die Afrikaner* vir sy bundel die *Hollands-Afrikaanse Liederbundel*, wat in 1907 uitgegee is. Oor dié versameling skryf Jan Bouws in sy boek, *Die Afrikaanse Volkslied* (F.A.K. 1958), dat “die bedoeling was wel om ‘echte Afrikaansche volksliedjes, dansliedjes, feestdeuntjes in te samel, maar wat binnekomb het, was ‘n versameling van ‘meer of minder slordig overgenomen Nederlandsche liedjes of vrij gebreklike proeven van persoonlike dichtgaven’ wat in ‘n Volksliedereboek nie paslik sou wees nie.” “...sy korrespondente in Suid-Afrika het gemeen dat hulle derglike liedjes nie kon aanstuur nie, omdat dié ‘te flauw, te laf, te leelijk’ was.”

F. Th. Schonken het met sy boek *De Oorsprong der Kaapsch-Hollandsche Overlevering* (Amsterdam 1914) oor die Afrikaanse volkslied ‘n waardevolle bydrae tot die navorsing van Afrikaanse volkliedjes gelewer. Hy het sy teleurstelling uitgespreek dat uit die 66 liedjes in dr Mansvelt se versamelwerk, “hoogstens tien in woord en zangwijze Afrikaansch” was. In 1918 is Schonken se nagedagtenis (hy is in 1910 oorlede) vereer deur Stephanus P.E. Boshoff en Lodewicus J. du Plessis met die uitgawe van die eerste deel van *Afrikaanse Volksliedjes* (Pieknikliedjes) met “wysesmusiek”. Liedjes wat in hierdie bundel verskyn het is o.a. *Pollie Ons Gaan Pérel Toe*, *Rokkies Wou Sij Dra*, *Ver In Die Wêreld*, *Kittiel*, *Japie, Mij Skapie*, *Vat Jouw Goed en Trek*, *Ferreira*, *Ek Soek Na Mij Dina!*, *Venaand Gaan Die Volkies Koring Snij*, *Siembamba*, *Kinders*, *Moenie In Die Water Mors Nie*, *Wat Maak oom Kalie Daar?* en *Aai! Aai! Die Witbors Kraai!* In 1921 volg deel II - *Afrikaanse Minneliedjes*, ook met wysesmusiek.

Bouws skryf verder: “Ondanks die sukses van Mansvelt se bundel, (daar was selfs ‘n nuwe druk nodig), word die gebrek aan ‘n werklike Afrikaanse bundel reeds gevoel..” In November 1918 ontmoet dr. Hugo Gutsche dr. A.G. Visser waarby “grootskeepse planne vir ‘n groot liederebundel” bespreek word. Hulle wou, volgens hul beskouing “die armoede van Afrikaanse volkliedere” ophef: dr Visser het beloof om gedigte te skryf vir enige musiek wat deur dr. Gutsche as “bruikbaar vir Afrikaanse volkliedere beskou” is. Volgens Bouws het die samewerking tussen die digter en die onderwysinspekteur ‘n ontydige einde in 1929 gehad toe dr. Visser oorlede is: “Dr Gutsche het in die jong digter Eitemal (W.J. du P. Erlank) en die komponis S. H. Eyssen nuwe medewerkers gevind vir die groot werk wat die volgende jare verrig sou word: die insameling van ‘n groot liedereboek na die voorbeeld van die *Globe Song Folio* (1912) en die *Scottish Students' Song Book* (1891).

Die eerste FAK sangbundel het in 1937 verskyn en het “in so ‘n groot behoeft voorsien dat dit spoedig die erkende sangbundel van die Afrikanervolk geword het.” Dr Anton Hartman (wat later voorsitter van die musiekkomitee van die FAK sou word) het in 1945 die volgende kritiek oor die FAK sangbundel gehad: “Hierdie Afrikaanse Volksangbundel bestaan, met weglatting van die seksie skoolliedere, uit slegs sowat 17% van ons eie musiek. Die res is ingevoerde musiek..terwyl ons eie musiek lê en kwyn.” Dié leemte is deur die FAK erken en in die *Inleiding Tot Die Hersiene Uitgawe* van die 1961 FAK Volksangbundel word daar geskryf: “Nieteenstaande die groot sukses wat die bundel behaal het...is daar gevoel dat dit te min inheemse liedere bevat, terwyl dit mettertyd duidelik geword het dat baie van die liedere nie by die volk aanklank gevind en ingeslaan het nie.” 140 liedere “wat nie algemeen aanvaar is nie” is wegelaat en nuwe liedere by die hersiene weergawe ingesluit.

‘n Volksliedjie is ‘n lied wat deur die volk as ‘eiegoed’ beskou en aanvaar word. Van die deeglikste navorsing nog oor *Afrikaanse Volksliedjes* is deur een van die groot kenners van Afrikaanse musiek, Jan Bouws,

saamgevat in verskeie publikasies. Bouws skryf in sy boek, *Die Volkslied, Deel Van Ons Erfenis* (1969): “Die volkslied is alleen dan kulturbesit, wanneer dit deur die aktiewe deelname van ‘n volk tot klink gebring word.” So, byvoorbeeld, is *Sarie Marais* in die volkshart aanvaar as een van Afrikaans se mees geliefde liedjies en word beskou as ‘n tradisionele Afrikaanse melodie. Die melodie is afkomstig uit die Amerikaanse Vryheidsoorlog en staan (oorspronklik) bekend as *Sweet Ellie Rhee*. Die lied verskyn in 1891 in die *Scottish Students Songbook*. So is daar ‘n groot aantal liedjies wat op dié wyse *Afrikaanse* volksliedjies geword het, om ‘n paar te noem: *Hoe Ry Die Boere* (London Bridge [is falling down]), *Die Oukraal-liedjie* (It Ain’t Nobody’s Bizz’ness What I Do), *Wandelliied* (Lippe Detmold, Eine Wunderschöne Stadt), *O, Die Liewe Martatjie* (Ach Du Lieber Augustin), *O, Boereplaas* (Der Tannenbaum), *Die Bootjie Na Kammaland* (Gondellied), *Kom Ons Gaan Blomme Pluk* (Sweet Bunch Of Daisies), *Liewe Maan* (Guter Mond), ens.

Dr Bouws skryf in sy boek *Die Afrikaanse Volkslied* (F.A.K. 1958) dat “‘n dergelike bydrae tot die liederskat van ‘n volk heeltemal normaal is” en haal die Duitse volksliedkundige, Werner Danckert, aan om die verband tussen volke en die invloed op mekaar se liedereskate en melodieuweling te wys: “Rondswewende liedstof en rondswewende wysies is die twee vernaamste draers van die onuitputlik ryk vertakte lieduitwisseling.” Bouws meen dat “die ontlening van wysies uit die eie liedereskate of uit dié van ander volke ‘n algemene verskynsel is”, en raai aan dat “ons (as Afrikaners) gerus ons ‘ekskuus-houding’ ten opsigte van ons eie liedjies maar kan vergeet!” Bouws noem verskeie voorbeeld van ontlening by ander volke en vertel, b.v., dat die wysie van die bekende Engelse liedjie, *For He Is A Jolly Good Fellow*, ontleen is aan ‘n Franse volksliedjie oor Malbrough.

Elke land het ‘n rykdom volksliedjies wat oorspronklik is in beide teks en melodie, en liedjies wat weer op hul beurt ook “geleent” is. So skryf Bouws dat (Gustav) “Preller in 1904 beweer dat daar ongeveer ‘n ‘vijftigtal oorspronklike Afrikaanse liederen bestaan, d.w.z. oorspronkelik in beide muziek en woorden”.

Van “geleende” melodieë wat Afrikaanse “eiegoed” geword het, vertel Bouws (wat ‘n gebore Nederlandse is wat Suid-Afrika in 1955 vir die eerste keer besoek het) dat “in die jare omstreeks 1920 was *Gertjie* in Nederland die tipiese verteenwoordiger van die Afrikaanse volkslied. Sy opvolger was *Sarie Marais* wat na die Tweede Wêreldoorlog weer deur Suikerbossie vervang is (*Gertjie* se wysie is ontleen aan die “Christy Minstrels” se liedjie, *Just Before The Battle, Mother*). Dr Bouws verwys na gevalle waar liedjies hul weg tussen lande vind en noem as voorbeeld die Franse lied *Trois jeu's Tambours* wat via Nederland (*Drie Schuin Tamboers*) in Suid-Afrika bekend geword het as Skuins Tamboer. Hy noem ook die merkwaardige geval van ‘n ou Hollandse liedjie, *Afskeidliedjie*, wat wel nog in Suid-Afrika bekend is as *Vuarwel, My Eie Soetelief*), maar wat nie meer in sy land van herkomst lewe nie!

In baie gevalle dateer die liedjies met oorspronklike Afrikaanse tekste uit die jare 1870-, die eerste jaar van die Eerste Taalbeweging. Vermoedelik was die Nederlandse Hendrik P.N. Muller die eerste wat doelbewus ‘n paar Afrikaanse volkliedjies in 1888 opgeteken en uitgegee het, na hy ‘n reis deur ‘n uitgestrekte gebied van die Transvalse Republiek ondernem het. Van die volksliedjies wat Muller gehoor het was o.a. *Vat Jou Goed en Trek*, *Alie Brand* en *Rokkies (Lokkies) Wou Sy Dra*. Dr Bouws skryf dat die woorde wat Muller toe gehoor het i.v.m. laasgenoemde volksliedjie die volgende was:

En bolle wil ze dra  
Maar hare het ze niet.  
En nou neem ze ‘n perdesteert  
Om daar bolle fan te maak.

Hy skryf verder: "Wanneer ons die wysie van Muller se liedjie vergelyk met die melodie soos mej. Joan van Niekerk dit in die *Groot Afrikaanse Hollandse Liederbundel* (1927) opgeneem het:

*Rokkies wou sy dra  
Maar niemand kyk daar na.*

dan is dit dieselfde met alleen 'n ritmiese aanpassing aan die gewysigde teks."

Oor die ontstaan van volksliedjies skryf S.P.E Boshoff en L.J. du Plessis in hul boek, *Afrikaanse Minneliedjies* (1921): "So het dit met ons vaderlandse volksliedjies in die verlede gegaan, en so gaan dit seker nog vandag met hul: hul word gebore op verskillende maniere en plekke, pas hul aan hul geestesomgewing aan, groei soms aanmekaar, soms deurmekaar, en dan weer soos parasiete op mekaar, ontwikkel en lewe in die volksmond, of sterwe uit by gebrek aan aanpassingsvermoë ..." "

Bouws het die interessante geboorte van die volksliedjie *Daar Kom Die Alabama!* in 'n radioprogram vir die Vrouerubriek van die S.A.U.K. in 1966 omskryf: "Dit was in die sestigerjare van die negentiende eeu, tydens die verskriklike Burgeroorlog tussen die Noordelike en Suidelike State van Noord-Amerika. 'n Kaperskip van die Suidelike State, die *Alabama*, het voor Tafelbaai se ingang gekom en op 5 Augustus 1863 onder die oë van duisende Kapenaars - blank en bruin - 'n skip van die Noordelikes buitgemaak. Toe die oorwinnaars dieselfde dag die baai ingeseil het, het die sanglustige Kaapse Maleiers aan die uitroep: *Daar Kom Die Alabama!* 'n musikale draai gegee aan die vernaamste tone van die populêre *Home Sweet Home* ('n lied uit die *Globe Song Folio*)." "

Vir die Duitse musiek-geleerde Prof. Walter Wiorda beteken die samestelling van die woord "volks-lied": "die lied wat eie is aan die volk". Bouws vertel dat prof. Wiora tot die slotsom kom dat daar "ou wysies is wat vroeër by die volk ingewortel was, maar dit nou meestal nie meer is nie. Hy stel dan vas dat "'n wysie wat eertyds by die volk inheems was, maar nou lank nie meer gesing word nie, word nie opnuut 'n volkslied alleen omdat sangers dit met 'n luitbegeleiding, 'n geskoold stem en met vriendelike gebare in 'n uitsaiprogram sing nie. Daarenteen kan 'n lied wat die daarvoor geskikte manier by die herhaalde sing vervorm word, tot 'n volkslied verander." ('n Mens dink in hierdie geval b.v. aan die gewilde *Hier Kommie Bokke* van Leon Schuster en *Shozoloza* wat tydens die wêreld Rugby toernooi in Suid-Afrika deur die land weergalm het en vandag nog net so gewild is!)

'n Volksliedjie voldoen dus aan die begrip "volksliedjie" solank as wat dit deur die volk gebruik en gesing word. Die herkoms van 'n liedjie is van sekondêre belang by diegene wat produktief deelneem aan die omvorming van so 'n lied.

Die Duitse skrywer Karl August Horst het opgemerk dat daar geen kultuurbesit is nie, maar net 'n deelname aan 'n kultuur. Soos Dr Bouws dit omskryf: "'n Kultuur kan slegs bestaan, wanneer dit iets lewendigs bly, afhanglik dus van die aktiewe deelname van 'n volk." Hy voeg by: "As dit waar is dat die volkslied die weerklang van 'n volk se hartklop is, sal ons dit in al ons gemoedstemminge terugvind. Vreugde en verdriet, heldhaftigheid en vrees vind in die lied 'n weerklang."

Die samestelling van die volksliedjies wat in hierdie versameling opgeneem is, was voorwaar geen maklike taak nie. Vir die aanvanklike keuse van nommers is geskikte opnames nie altyd gevind nie. Van die oorspronklike kwart-duim meester bande in verskeie argiewe, het met die verloop van tyd verlore gegaan. Twee verwoestende brande gedurende die Sewentigerjare by 'n bekende plaaslike platemaatskappy se band-argief, het ook 'n skatkis van opnames vernietig. Daarby is baie kommersiële opnames van volksliedjies in keurspele opgeneem - iets wat ons graag so ver moontlik wou vermy - om elke lied die kans te bied om sy volkome

identiteit en "gevoel" te behou. Dan was daar die moeilike keuse van watter weergawe van 'n betrokke lied gebruik moet word: die populêre, bekende "treffer" (wat die publiek onthou) of 'n minder bekende (maar tegnies beter vertolking en opname) van 'n lied deur ('n dalk) minder bekende sanger? Hoe kondenseer 'n mens 'n volksliedjie-samestelling van meer as 450 liedjies in 'n 3-CD samestelling in? Watter liefhebber en kenner van Afrikaanse volksmusiek sou ons te na kom deur nie sy of haar gunsteling lied in te sluit nie?

Die beskikbaarheid van geskikte opnames het grootendeels met hierdie moeilike keuses gehelp. Ons het ook die argiewe van die S.A.U.K. se transkripsiedienste "gemyn" en sonderlinge waardevolle transkripsie-opnames van volksliedjies ontdek, wat hul komersiële debuut, met die uitreiking van hierdie stel, maak.

Dit was vir my 'n eer en 'n voorreg om aan hierdie projek te kon werk. Die saambindende uitwerking van Afrikaanse volksliedjies, laat Afrikaans-sprekendes, waar hulle hul in die wêreld ookal mag bevind, met trots, liefde en heimwee saamsing as een volk.

Ten slotte, haal ek graag C.F. Visser in die verband aan:

*Van al die tale wat ek hoor,  
Niks wat my siel ooit so bekoor:  
O Moedertaal, O soetste taal!  
Jou het ek lief bo alles.*

*Malcolm Lombard, Februarie 1998.*

*Spesiale dank aan: Doug Hill, Susan van der Schijff & Eddie Mathewson (Leserskring), Rob Allingham (Gallo archives), almal by Apula, Petrea w/d Merwe & Betsie Steyn (Radio Pretoria), Tinus Esterhuizen & Marietjie Botha (SABC), Brendan Farrell (SABC), Blake Toerien (Music SA), Chris de Bruyn (ATKV), Cordelia Odendaal, Anton van Staden, John Engelbrecht, Henrico McKenzie, Nicolene Strauss (EMI), Elena Snyman (SABC), Jeff Paynter (Gallo Publishing), Gill Rule (Gallo Publishing), Karen Lepora (Gallo Publishing), Jill Galanakis (NORM), Peter Pearlson & David Segal (Forest Studios), Naomi le Roux (EMI), en Kosie van Niekerk.*

Bronne:

Bouws, Jan  
Die Volkslied, Deel Van Ons Erfenis  
(Human & Rousseau, Kaapstad, 1969)

Bouws, Jan  
Die Afrikaanse Volkslied (FAK, 1958)

Bouws, Jan  
Die volkslied weerklang van 'n volk se hartklop  
(Kaapstad, 1962)

S.P.E. Boshoff / L.J. du Plessis  
Afrikaanse Volkliedjies (J.H. de Bussy, 1918)

FAK Volksangbundel (J. de Bussy, Pretoria 1937)  
Nuwe FAK Volksangbundel (Nasionale Boekhandel, 1961)

# I N H O U D S O P G A W E

Môre Oompie, Môre Tannie	1	Jy Is My Liefling	60
Dis Te Ver Om Te Ry	2	Die Afrikaners Is Plesierig	61
Pollenys	3	Die Padda Wou Gaan Opsit	62
Al In Die Veld Is Vrolik	4	Bokkie	64
Die Ou Kraal Liedjie	6	Dis Heerlike Lente	65
O, Boereplaas	7	Huisie In Die Berge	66
Gertjie	8	Tant Hessie Se Wit Perd	68
Wandellied	10	Saai Die Waatlemoen	69
Trekliedjie	11	Ai, Meisie, Meisie	70
Hier's Ek Weer	13	Die Jowoord Is Uit	72
Bolandse Nooientjie	14	Jy, Jy Is My Klein Hartedief	74
Vat Jou Goed En Trek Ferreira	16	Koms Dans Klaradyn	75
Bobbejaan Klim Die Berg	17	Boetie Sy's 'n Perskeblom	77
Die Vrolike Musikant (Val De Ri, Val De Ra)	18	Rokkies (Lokkies) Wou Sy Dra	78
Dis Julle Wat Die Wind Laat Waai	19	Daar's 'n Wind Wat Waai	79
Hasie	20	Boegoerberg Se Dam	80
Op My Ou Ramkietjie	21	Kaapse Draai	81
Daar Kom Die Alibama!	22	Nagtyd In Die Bosveld	83
O, Die Liewe Martatjie	24	Soland As Die Rietjie	85
Oom Bossie Van Die Bosveld	25	So Ry Die Trein (Kimberley se Trein)	86
Daar Kom Die Wa	26	Die Kat Kom Weer	87
Daar Kom Tant Alie (Tant Mina Kook Stroop)	27	Die Blink Vosperd	88
Al Lé Die Berge Nog So Blou	28	Suikerbossie	89
My Hartjie, My Liefie	29	Ou Tante Koba	92
Kinders, Moenie In Die Water Mors Nie	31	Ek Soek Na My Dina	93
My Blonde Matroos	33	In Die Helder Maanskyn	94
Groen Koringlande	35	Die Heidelied	95
Japie, My Skapie	37	Liewe Maan	97
Pollie, Ons Gaan Pérel Toe	38	Daar Doer In Die Bosveld	98
Siembamba	39	Hansie Slim	101
Ou Ryperd	40	Sarie Marias	102
Kom Ons Gaan Blomme Pluk	43	Jan Pierewiet	104
Ver In Die Wêreld, Kittie	46	Vanaand Gaan Die Volkies Koring Sny	105
Wat Maak Oom Kalie Daar?	47	Groen Is Die Land Van Natal	106
Hoe Ry Die Boere?	48	By Coetzenburg Loop 'n Waterstroom	108
Aanstap Rooies	50	Die Mannetjie	110
My Hart Verlang Na Die Boland	51	Dis Lekker Om Te Lewe	111
Boereseun	52	Taraboemdry	113
Aai, Aai, Die Witborskraai	54	Afrikaanse Wiegeliedjie (Lamtietie-Damtietie)	114
Ou Karooland	55	Soveel Groete Stuur Ek Jou	116
Vaarwel My Eie Soetelief	56	Die Bootjie Na Kammaland	117
Ver In Die Ou Kalahari	57	Horlosie In Die Sak	118
Daar Lé Die Ding	59		

# MÔRE OOMPIE, MÔRE TANNIE

### *Traditioneel*

*S. A. Volkswysie*

# DIS TE VER OM TE RY

*Tradisioneel*

*S. A. Volkswysie*

**1.** Dis te ver om te ry, dis te na om te bly,  
**2.** Daar ver oor die bult daar staan 'n blom,  
**3.** Daar bo op die kop daar staan 'n roos,  
**4.** Daar oor - kant die spruit groei 'n rooi - wang - boom,  
 hoe sal ek  
 hoe sal ek  
 wie sal ek  
 hoe sal ek

maak om die nooi te kry? Die pad is te swaar en die per - de is maer,  
 maak om daar te kom. My perd is dood en my be - ne is lam,  
 ooit vir my kan troos. Dis te ver om te loop, dis te na om te ry,  
 maak om daar te kom? Die ri - vier is te vol en die tra - ne rol,

ook draai an - der jonk - mans daar. Dis nie my - ne nie, dis nie jou - ne  
 hoe sal'k maak om daar te kom?  
 hoe sal'k maak om die roos te kry?  
 hoe sal'k maak om daar te kom?

nie, dis an - der-man se nooi wat jy om stry. (Dis nie) nooi wat - jy om stry.

# POLLENYS

*Tradisioneel*

*S.A. Volkswysie*

Pol-le-nys, Pol-le-nys, jou lief-li-ke ding; dis om jou, dis om jou wat ek sodwing. Ek hou my lyf so vol

din-ge-tjes en ek draai met die tan-nie met die se-we rin-ge-tjes. Oom Jan-nie Pie-ter  
(Die) dak is van

Groen-tjie, om wie moet ek dink? Ek dink net aan jou en g'n nie-mand meer. (Die)  
strooi en die muur is van klei. En elk-een wat kom, die-wil daar in bly.

Lank is die seun-en kort is die pa, mooi is die dog-ter en le-liek is die ma.  
Hoog is die sol-der en laag is die vloer; as jul-le op-sit gaan ons vir jul-le loer.

# AL DIE VELD IS VROLIK

C. Louis Leipoldt

J. Weber

B♭ F7 F7

Al die veld is vro - lik; al die voël - tjes sing; al die  
 Selfs die vis - sies spar - tel teen die kaf - fers - kuil;  
 Bind vir my te - sa me kat - jie - pie - ring wit;  
 Vro - lik is die wé - reld, vro - lik rant en vleil.  
 in die  
 bob - be -  
 El - ke

B♭ B♭

krie - kies kriek daar - buit; el - ke spring - kaan spring. Al die kog - gel -  
 groot ou ei - ke - boom droom 'n ou - pa - uit. O - ral in Ka -  
 jaan - tjes blou en bont, ro - se in ge - lid, va - rings van die  
 kog - gel - man - ne - tje het sy maat ge - kry. El - ke gons' - rig

B♭  
E♭ C7 B♭

man - ne - tjes kom om fees te vier; hier ga - lop 'n gog - ga -  
 roo - land is 'n ruk ver - spreit; boe - goe - blom en ap - pel -  
 klip - pe, o - ral ai so mooi, rooi kal - koen - tjes uit die  
 gog - ga - tje is ge - trouw of vry: vro - lik is die wé - reld

F7 B♭ F C7 F7

tjie, daar - so dans 'n mier. Nou gaan die kin - ders draai, nou gaan hul speel!  
 koos kan jy be - ter kry?  
 vlei blom - me uit - ge - strooi.  
 hier, vro - lik veld en vlei!

**KOOR:**

B $\flat$

F $^7$

F $^7$

Kom Sus, gee hand - jie! Al mal moet draai! Boet

gee ook hand - jie! Nou gaan ons swaai dis

tog so pret - tig! Wie dans met my? Al

E $\flat$

B $\flat$

F $^7$

B $\flat$

*herhaal vanaf KOOR:*

in die rond - te,

vro - lik en bly!

# DIE OUKRAAL-LIEDJIE

*Manas en Amie de Villiers*

*J. A. Browne*

D G D A

Jy met jou man-do-lien-tjie, ek met my ban-do-lien-tjie, sing ons die Ou-kraal-lied-jie saam;

D G F<sup>o</sup> D A<sup>7</sup>

sing ons van wa-ter-stro-me, slang-e in o-lien-hout-bo-me en 'n rib-bok wat daar teen die rant-jie

D G D D A

staan. Ons sing, ons speel van die Ou-kraal wat ons nooit nie sal ver-veel, sal ver-veel.

D G D A<sup>7</sup> D

Jy mét jou man-do-lien-tjie, ek met my ban-do-lien-tjie, sing ons die Ou-kraal-lied-jie saam.

# O, BOEREPLAAS

C. F. Visser

"Der Tannenbaum"

F

1. O boe - re - plaas, ge - boor - te - grond!  
2. O moe - der - huis, waar - ooit - so - tuis?  
3. O moe - der - taal, o - soet - ste - taal!

C7 F F

Jou het ek lief bo al - les. Al dwaal ek heel die dom,  
Jou het ek lief bo al - les. Die wê - reld, ryk - le  
Jou het ek lief bo al - les. Van al die ta - le

B♭ C7 F

wê - reld rond, waar so ge - luk - kig, so ge - sond? O  
prag en praal kan jou ver - lies my nooit be - taal. O  
wat ek hoor, niks wat my siel ooit so be - koor. O

F F C7 F

boe - re - plaas, ge - boor - te - grond! Jou het ek lief bo al - les.  
moe - der - huis, waar - ooit - so - tuis? Jou het ek lief bo al - les.  
moe - der - taal, o - soet - ste - taal! Jou het ek lief bo al - les.

GERTJIE

### *Onbekend*

G. F. Root

F

1. (Hy) Wan - neer kom ons trou - dag,  
 2. (Sy) 'kHoor jy is ver - lief op  
 3. (Hy) Gert - jie, as ons Son - dags  
 4. (Sy) Jan - nie, al die soen - tjes  
 5. (Sy) Jan, laat staan die pret maar

B♭ C7 F

Gert - jie, Gert - jie? Hoe's dit dan so stil met jou?  
 Sa - rie, Sa - rie; maar die pret moet jy laat staan!  
 kui - er, kui - er ag ter om die kop ver - by,  
 help nie, help nie; kyk vir Pie - ter en vir Griet:  
 lie - wer, lie - wer, ons moet maar die soen laat bly;  
 Ons O, dan van ek

F                    F                    B<sub>b</sub>

trou.  
slaan.  
my.  
niet.  
vry.

Glo tog, Gert - jie, ek sal nooit nie, nooit nie, nog

C<sup>7</sup>                    F                    F

lang - er aan jou sleep - tou      bly nie,      bly nie.      Jy dink mis - kien ek kan nie

B<sub>b</sub>                    C<sup>7</sup>                    F

dood nie,      dood nie;      maar,      my ja - re gaan ver - by.

# DIE WANDELLIED

*Eitemal*

*Volkswysie*

The musical score consists of four staves of music. The top staff starts in C major and moves to B♭ major and C7. The second staff starts in C major and moves to F major. The third staff starts in F major and moves to B♭ major, C major, and F major. The bottom staff starts in B♭ major and moves through B♭ major, G major, C major, F7, and B♭ major.

**Lyrics:**

1. As ek moeg word vir die le - we in die stad, lok my die wan - del  
 2. Of ek luis - ter na my ei - e voe - te - val, op pad oor berg en  
 3. En die blou pla - fon wat oor die vel - de strek sal saans my slui - mer

pad. As ek moeg word vir die le - we in die stad, lok my die wan - del  
 dal. Of ek luis - ter na my ei - e voe - te - val, op pad oor berg en  
 dek. En die blou pla - fon wat oor die vel - de strek sal saans my slui - mer

pad. In die veld pluk ek 'n wan - del - staf, van die naa - ste do - ring -  
 dal. Dan's ek weer die een - saam wan - de - laar, na 'n lek - ker land - streek  
 dek. En die ster - re - heer sal kom en gaan, oor die maan - ver - lig - te

boom - pie af, en sing my wan - del - lied, en sing my - wan - del - lied.  
 wie weet-waar, 'n swer - wer le - wens - lank, 'n swer - wer - le - wens - lank.  
 he - mel - baan, en vriend - lik wink van ver, en vriend - lik - wink - van ver.

# TREKLIEDJIE

A. E. Carinus-Holzhausen

Walter Kittredge

The musical score consists of six staves of music for voice and piano. The key signature is one flat, and the time signature is common time. The vocal part uses a soprano C-clef. The piano part includes bass and treble staves.

**Chorus:**

B♭                      E♭                      B♭                      B♭                      F<sup>7</sup>

1. Die sweep het ge - klap en die wa - wie - le draai ag - ter die rooi - span  
2. Met jou aan my sy, o lief - ste van my, dan vrees ek geen ge -

**Verse:**

B♭                      B♭                      E♭                      B♭                      D<sup>7</sup>

aan.                      Ons hart is swaar;                      skei-ding is daar van die plaas waar ons  
vaar.                      Die wil - der - nis in om die vry - heid te win;                      daar word ons

**Refrain:**

F<sup>7</sup>                      B♭                      B♭                      E♭                      B♭


tuis - te staan.                      Trek oor die vlak - te en trek oor die rand.                      Sta - dig nou!  
dro - me waar.

**Final Chorus:**

Gm                      F<sup>7</sup>                      B♭                      E♭

Brie - k aan - draai!                      Hot - ag - ter!                      Haar - ag - ter!                      Vat nou die

B<sub>b</sub>              B<sub>b</sub>              F<sup>7</sup>              B<sub>b</sub>              B<sub>b</sub>  

  
 wa!      Ge - luk lè net om die draai!      Uit - span va - naand,  
  
 E<sub>b</sub>              B<sub>b</sub>              Gm              F<sup>7</sup>  
  
 uit - span va - naand,      uit - span op Mooi - fon - tein!  
  
  
 B<sub>b</sub>              E<sub>b</sub>              B<sub>b</sub>              B<sub>b</sub>              F<sup>7</sup>  
  
 Hot - ag - ter! Haar - ag - ter! Vat nou die wa!      Ge - luk lè net om die  
  
  
 B<sub>b</sub>  
 1.      draai!  
 2.      draai!  
  


# HIER'S EK WEER

*Tradisioneel*

*S. A. Volkswysie*

G      C      G      D<sup>7</sup>      G

Hier's ek weer, hier's ek weer, met my rooi-rok voor jou deur. Ek wil jou hê, ek sal jou kry.

G      C      G      D<sup>7</sup>      G

Hier's ek weer, hier's ek weer, met my rooi-rok voor jou deur. Ek wil jou hê, ek sal jou kry.

G      C      D<sup>7</sup>      G

Al slaan my ma my drie-mal op die kop, dan staan ek op, en kom ek weer. Al

G      C      D<sup>7</sup>      G

slaan my ma my drie-mal op die kop, dan staan ek op, en kom ek weer.

# BOLANDSE NOOI'NTJIE

S. C. Foster

Theo W. Jandrell

The musical score consists of two staves of music in common time (indicated by '8') and D major (indicated by a sharp sign). The top staff begins with a rest, followed by a melodic line. The bottom staff provides harmonic support with sustained notes and eighth-note patterns. The lyrics are written below the music, corresponding to the chords D, G, A, and D.

**Chords:**

- D (4 measures)
- G (4 measures)
- A (4 measures)
- D (4 measures)
- D (4 measures)
- G (4 measures)
- D (4 measures)
- A (4 measures)
- A (4 measures)
- D (4 measures)
- G (4 measures)
- A (4 measures)
- A (4 measures)
- D (4 measures)
- G (4 measures)
- A (4 measures)
- D (4 measures)

**Lyrics:**

Bo-land-se nooi'n - tje, stil is die nag,  
Bo-land-se nooi'n - tje, slui-mer nou sag,  
soet sy jou rus - te na lang, lang - e  
ver in die droom-land ont - moet ons van -

dag!  
nag,

Aans in my dro - me  
daar waar die blom - me  
kom ek na jou,  
weel - de - rig groei,

smag - tend na lon - kies uit oë so blou.  
daar waar die stro - me sag mur - me - rend vloeit.  
Ber - ge en da - le  
Soos in ver - gang - e

D                                    E<sup>7</sup>

D                                    G                                    A

D                                    F#<sup>7</sup>/C#                    Bm                            G                                    A                                    A<sup>7</sup>                                    D

G                                    A<sup>7</sup>    D

D

# VAT JOU GOED EN TREK

*Tradisioneel*

*S.A. Volkswysie*

The musical score consists of four sections of two-line music, each with a bass staff and a treble staff. The sections are separated by vertical braces. Chords are indicated above the staves.

**Section 1:** Chords G, C, D<sup>7</sup>, G. Lyrics: "Vat jou goed en trek, Fer - rei - ra, vat jou goed en trek!"

**Section 2:** Chords G, C, D<sup>7</sup>, G. Lyrics: "Ag - ter die bos is 'n klom - pie per - de, vat jou goed en trek!"

**Section 3:** Chords G, D. Lyrics: "Swaar dra, al aan die een kant, swaar dra, al aan die een kant,"

**Section 4:** Chords G, C, D<sup>7</sup>, G. Lyrics: "swaar dra, al aan die een kant, vat jou goed en trek!"

# BOBBEJAAN KLIM DIE BERG

*Tradisioneel*

*S. A. Volkswysie*

B♭

F<sup>7</sup>

Bob-be - jaan klim die berg, so haas-tig en so las-tig; bob-be - jaan klim die berg, so

B♭

B♭<sup>7</sup>

E♭

B♭

F<sup>7</sup>

haas-tig en so las-tig; bob-be - jaan klim die berg om die boe-re te ver-erg. Hoe-ra vir die jol-lie bob-be-

jaan! O moe-nie huil nie, o moe-nie treur nie, die Stel-len-bos-se boys kom weer. O moe-nie

Cm

B♭

F<sup>7</sup>

B♭

huil nie, o moe-nie treur nie, die Stel-len-bos-se boys kom weer.

# DIE VROLIKE MUSIKANT

Onbekend

Duitse Liedje

The musical score consists of four staves of music, each with a treble clef and a bass clef. The first staff starts with a C major chord. The second staff starts with a G<sup>7</sup> chord. The third staff starts with a C major chord. The fourth staff starts with a G<sup>7</sup> chord. The lyrics are in Afrikaans and are as follows:

1. My va - der was 'n mu - si - kant, 'n man van durf en daad. Hy het ge - spel in  
 2. My moe - der was 'n mu - si - kant, 'n nig - gie al - te fraai, sy het ge - hou van  
 3. En nou is ek 'n mu - si - kant, om - dat dit my be - koor, en o - ral waar ek

Sui - der - land, te sa - me met sy maat. Wal - de - rie (Wal - de - rie) Wal - de -  
 volk - spe - le, want sy kon tie - kie - draai.  
 ooit mag gaan, sal jul my lied - jie hoor.

ra, (Wal - de - ra) Wa - de - rie, (Wal - de - rie) Wal - de - ra - la - la - la - la Wal - de -

rie (Wal - de - rie) Wal - de - ra (Wal - de - ra) te - sa - me met sy maat.  
 want sy kon tie - kie draai.  
 sal jul my lied - jie hoor.

# DIS JULLE WAT DIE WIND LAAT WAAI

*Tradisioneel*

*S. A. Volkswyste*

G

1. Dis jul - le wat die wind, dis 'n  
2. Dis 'n on - der - baad - jie, dis 'n

D<sup>7</sup>

jul - le wat die wind, dis 'n  
bo - baad - jie, dis 'n  
jul - le wat die wind, laat waai.  
Dis Dis 'n

D<sup>7</sup>

on - der - baad - jie, dis 'n  
jul - le wat die wind, dis 'n

G

on - der - wat die ste - wind bo - baad - waai.  
jie.

# HASIE

Nico Carstens

Nico Carstens

F                      C<sup>7</sup>                      F

1. Jou bruin - oog - nooi, jou don - ker - kop, jou pan - ne - koek, jou lol - lie - pop, jou  
 2. Jou sui - ker - riet, jou wit - be - skuit, jou mee - bos - stroop, jou mos - kon - fyt, jou  
 3. Jou ap - pel - tert, jou mie - lie - blaar, jou tor - tel - duif, jou ko - ring - aar, jou  
 4. O, da - del - pit, jou sui - ker - bos, jou soet - pa - tat, jou ker - rie - kos, jou  
 5. Jou spin - ne - kop, jou ak - ke - dis, jou spring-kaan - voel, jou kou - e - vis, jou  
 6. Jou pik - swart - slang, jou suur - le - moen, jou hek - se - kind, jou sker - pi - oen, jou

F<sup>7</sup>                      B<sub>p</sub>                      Gm                      C<sup>7</sup>                      F                      F

toet - sie - toet, jou son - ne - straal, vir jou kom ek nog haal. (Jou) Ha - sie, hoe-kom is jou  
 heu - ning - nes, jou vleis - pas - tei, vir jou wil ek nog kry.  
 sak vol goud, jou di - a - mant, O, ek is aan die brand. (O.)  
 fek - ker ding, jou har - te - dief, vir jou is ek so lief.  
 bit - ter - wyn, jou kit - tel - laar, ek slaan jou in - me - kaar. (Jou)  
 krok - ke - dil, jou wil - de - hen, jou lief - de wil ek wen.

C<sup>7</sup>                      C<sup>7</sup>                      F                      F

stert so kort?              Ha - sie, hoe-kom is jou stert so kort?              Ha - sie,  
 hoe-kom is jou stert so kort?              Wat het van jou stert-jie ge - word.

# OP MY OU RAMKIE TJIE

C. Louis Leipoldt

Jan Bouws

A musical score for two voices (Soprano and Bass) and piano. The key signature is A♭ major (three flats). The vocal parts are in common time. The piano accompaniment consists of simple chords and bass notes. The lyrics are as follows:

1. Op my ou - ram - kie - tje, met nog net één  
2. As die maan - my aan - hoor en die ster - re  
3. Wat gee ek om men - se wat se ek's  
4. Wat om my vrin - de wat nooit nie ver-  
5. Op my ou - ram - kie - tje, met nog net een

A continuation of the musical score. The vocal parts switch to E♭ major. The piano accompaniment includes more complex chords. The lyrics are as follows:

snaar, speel en in die maan - skyn, deur - me - kaar.  
knik, dan speel ek kor - daat voort, in my skik.  
mal, as die va - rings my aan - hoor by die wal?  
staan, as die ster - re my toe knik en die maan?  
snaar, speel ek in die tmaan - skyn, deur - me

A continuation of the musical score. The vocal parts switch back to A♭ major. The piano accompaniment consists of simple chords. The lyrics are:

kaar.

# DIE ALIBAMA

*Tradisioneel*

*S. A. Volkswysie*

The musical score consists of eight staves of music for two voices (Soprano and Bass) and piano. The key signature is E♭ major (one flat), and the time signature is common time (indicated by 'C'). The piano part provides harmonic support with chords and bass lines.

**Lyrics:**

- Daar kom die Ali - ba - ma, die Ali -
- ba - ma die kom oor die see, Daar kom die Ali -
- ba - ma, die Ali - ba - ma - die kom oor die see.
- Nooi, nooi, die riet - kooi, Nooi, die riet - kooi is ge - maak, die

**Chords indicated above the staff:**

- E♭ (Staff 1)
- A♭ (Staff 1)
- E♭ (Staff 1)
- B♭<sup>7</sup> (Staff 2)
- E♭ (Staff 2)
- B♭<sup>7</sup> (Staff 2)
- E♭ (Staff 2)
- A♭ (Staff 2)
- E♭ (Staff 3)
- B♭<sup>7</sup> (Staff 3)
- E♭ (Staff 3)
- E♭ (Staff 4)
- B♭<sup>7</sup> (Staff 4)
- E♭ (Staff 4)
- E♭ (Staff 5)
- B♭<sup>7</sup> (Staff 5)
- E♭ (Staff 5)
- E♭ (Staff 6)
- B♭<sup>7</sup> (Staff 6)
- E♭ (Staff 6)
- E♭ (Staff 7)
- B♭<sup>7</sup> (Staff 7)
- E♭ (Staff 7)
- E♭ (Staff 8)

B<sub>b</sub><sup>7</sup>

1. E<sub>b</sub>

2. E<sub>b</sub>

riet-kooi is vir my ge-maak, om daar-op te slaap.

om daar-op te slaap. Die A - li -

A<sub>b</sub>

E<sub>b</sub>

B<sub>b</sub><sup>7</sup>

ba - ma, die A - li - ba - ma, die A - li - ba - ma, kom oor die

E<sub>b</sub>

A<sub>b</sub>

see. Die A - li - ba - ma, die A - li -

E<sub>b</sub>

B<sub>b</sub><sup>7</sup>

E<sub>b</sub>

ba - ma, die A - li - ba - ma kom oor die see.

# O, DIE LIEWE MARTATJIE

Oostenrykse Volkswysie: "Aug du lieber Augustin"

B. A. de Wet

**G**

1. O, die lie - we Mar - ta - tjie, Mar - ta - tjie, Mar - ta - tjiel  
 2. O, die lie - we mei - sie - tjes, mei - sie - tjes, mei - sie - tjes!  
 3. O, my lie - we Ka - rel - tjie, Ka - rel - tjie, Ka - rel - tjiel

**D<sup>7</sup>**

**G**

O, die klei - ne va - bond - jie het my laat staan. Geld is weg,  
 O, die klei - ne skel - lem - pies, skaam tog vir juul! Gooi ons weg,  
 Waar om klei - ne pap - broe - kie, moet jy so kla? Net 'n grap,

**G**

D<sup>7</sup>

G

nooi maak ons is weg, als breek ons is weg, al maak ons les weg! O, Kan die klei - ne  
 maak ons te sleg, breek ons te hart, maak ons kwaad. Kom die lie - we  
 jy's pap, jy's te sleg, als is reg. nou lie - we

**D<sup>7</sup>**

**G**

va - bond - jie! Wat nou ge - daan?  
 en - gel - tjes Wat tog nie laat staan.  
 Ka - rel - tje, vra Pa en Ma.

# OOM BOSSIE VAN DIE BOSVELD

Danie Bosman

Carstens/De Waal

F              B<sub>b</sub>              C              F              F              B<sub>b</sub>

Oom Bos-sie van die bos - veld, bos - veld, bos - veld. Oom Bos-sie van die bos - veld,

FINE:

C              F              F              B<sub>b</sub>              C              F

met sy stok-kies baard. Hy's op-ge-ruimd en vro - lik, vro - lik, vro - lik, hy's

F              B<sub>b</sub>              C              F              B<sub>b</sub>

op-ge-ruimed en vro - lik, met sy stok-kies baard. Hy was hom nou en dan, in 'n'

F              G<sup>7</sup>              C<sup>7</sup>

ou ver-woes-te pan, hy maak sy dop van per-ske-sop en sê: "Pas-op dit skop!" Oom

# DAAR KOM DIE WA

*Tradisioneel en  
C.J. Langenhoven Vers 1 - 3*

*S.A. Volkswysie*

**C**

(Tradisioneel) Daar kom die wa,  
1. Daar kom die wa,  
2. Wat dra die wa,  
3. Af klim die nooi,

die vier per - de - wal.  
die vier per - de - wal.  
die vier per - de - wa?  
die uitge soek - te nooi.

Hy  
Hy  
Net  
Sy

**G<sup>7</sup>**

**G<sup>7</sup>**

**C**

het nie naam nie, sy naam moet hy nog kry.  
kan nie hou nie, hy's glad te swaar ge laai.  
pu - re nooi'n tjies, en een moet ag - ter bly.  
het nie baas nie, dis tyd dat sy een kry.

Tant  
Ho  
Hul's  
Dit

**C**

**G<sup>7</sup>**

**C**

Leen - tjie draai, sta - dig swaai, daar on - der in die baai, tant  
kaai, ho - kaai, by die draai, een om af te laai, ho -  
e - we fraai, wie sal raai, wie om af te laai, Laat  
pas 'n baas op 'n plaas om 'n nooi te kry. Ek

**C**

**G<sup>7</sup>**

**G<sup>7</sup>**

**C**

Leen - tjie draai, sta - dig swaai, daar on - der in die baai, draai.  
kaai, ho - kaai, briek aan - draai, stil - hou by die draai.  
my maar sê, son - der raai, wat - ter ek wil hè.  
het 'n nooi, goed en mooi, en sy's baas oor my.

# DAAR KOM TANT ALIE

Tradisioneel

S. A. Volkswysie

The musical score consists of four staves of music, each with a treble clef, a key signature of one sharp (F#), and a common time signature. The first staff begins with a G chord, followed by a D7 chord, then G and G again. The lyrics for this section are: Daar kom tant A - lie, tant A - lie, tant A - lie, daar kom tant. The second staff begins with a D7 chord, followed by G and C chords. The lyrics for this section are: A - lie, tant A - lie om die draai. En tant Mie-na kook stroop van die me-bos - kon - fyt, van die. The third staff begins with a D7 chord, followed by G and C chords. The lyrics for this section are: Wel-ling-ton se sui - ker teen die trip - pens die pond, en tant Mie - na kook stroop van die. The fourth staff begins with a G chord, followed by a D7 chord, then G and G again. The lyrics for this section are: me - bos - kon - fyt, van die Wel - ling - ton - se sui - ker teen die trip - pens die pond.